Eskom se R3,6 miljard-wins stook loon-vuur verder

Dewald van Rensburg,
Johannesburg

Eskom se bekendmaking van 'n R3,6 miljard-wins vandeesweek het sy loononderhandelings nóg verder bemoeilik.

Die twee Cosatu-geaffilieerde vakbonde by die kragvoorsiener, NUM en Numsa, het in afsonderlike verklarings geëis dat Eskom sy wins met werkers deel.

"As 'n staatsbeheerde maatskappy behoort Eskom sy wins in te span om inkomste-ongelykheid binne die maatskappy uit te wis," sê Numsa.

Die NUM sê hy let op Eskom se indrukwekkende balansstaat, maar is minder beïndruk met die weerhouding van ordentlike lone en behuisingstoelae wat die wins moontlik gemaak het.

"Ons kan net hoop dat Eskom se voorneme om koste te besnoei nie verwesenlik word deur werknemers se voordele te besnoei nie," sê mnr. Paris Mashego, die vakbond se onderhandelaar.

Numsa en die NUM, wat jare reeds haaks is oor wie die reg het om Eskom-werkers te organiseer, sal nou 'n gesamentlike aksie van stapel stuur, het Numsa gewaarsku.

Die vakbond Solidariteit het terselfdertyd gesê dat Eskom se hardkoppigheid tot 'n vertrouensbreuk gelei het. Ondanks sy wins word bankrotskap in loononderhandelings gepleit, sê mnr. Jaco Kleynhans, Solidariteit-woordvoerder. Die NUM verteenwoordig sowat 12 000 werkers in Eskom, Solidariteit 7 000 en die Numsa 5 000.

Die onderhandelings is vroeër vandeesweek na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) verwys nadat Eskom met 'n hofinterdik daarin geslaag het om 'n beplande staking te keer.

Tans eis die vakbonde 'n 18%-loonverhoging terwyl Eskom 5,5% aanbied.

Die grootste struikelblok is egter die vakbonde se eis vir 'n R5 000-behuisingstoelaag vir elkeen van die kragvoorsieners se werkers.

Volgens Solidariteit ontvang bestuurslede reeds 'n R5 000-toelaag nadat hulle ook verlede jaar 'n eenmalige behuisingsubsidie van R60 000 ontvang het.

Daar is een bestuurder wat hiervoor in aanmerking kom vir elke vyf werknemers in Eskom, sê die vakbond in 'n verklaring.

■ 'n Staking het gisteroggend by die O.R. Tambo-lughawe begin nadat 'n subkontrakteur se loononderhandelings 'n dooiepunt bereik het.

Die vakbond Uasa se lede by Freight Surveillance International, 'n maatskappy wat namens die Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika lugvrag-goedere inspekteer, eis onder meer 'n minimum loon van R5 500.

Die staking sal vermoedelik invoer deur die lughawe vertraag.